Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2018

# Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

# OORDRAG VAN EIENAARSKAP MAKLIK:
## MITS ALMAL DIE REËLS GEHOORSAAM

**Volgens wet kan geen eiendom van een eienaar na die volgende oorgedra word tensy 'n belastingklaringsertifikaat (BKS) deur die ter sprake plaaslike owerheid uitgereik is waarin verklaar word dat alle eiendoms belasting, dienste en diverse heffings sowel as enige beraamde bedrae wat op die eiendom betaalbaar is ten volle vereffen is nie.**

Om gevalle te voorkom waar dit die oordrag van eienaarskap moet verhoed en/of terughou, doen Overstrand 'n beroep op almal wat van plan is om 'n eiendom te verkoop of te bekom om ag te slaan op die volgende reëlings.

Allereerste wil Overstrand se belasting- en databeheerkantoor daarop wys dat aansoeke om belastingklaringsertifikate deur 'n aktebesorger (prokureur) - ***nie die verkoper nie*** - behartig word.Die munisipaliteit sal slegs 'n klaringsertifikaat uitreik wanneer dit 'n voltooide voorgeskrewe aansoekvorm, tesame met al die nodige dokumentasie, vanaf die aktebesorger ontvang het.

Desnieteenstaande bly die verkoper steeds daarvoor verantwoordelik om alle koste te betaal wat in hierdie verband aangegaan is, sowel as om alle uitstaande bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is, te vereffen.

Ten tweede, in die geval van aansoeke om 'n belastingklaringsertifikaat vir eiendomme waarop geen verbeterings aangebring is nie, moet 'n aanvanklike inspeksie eers deur die brandweerafdeling uitgevoer word alvorens die aktebesorger van enige uitstaande betaalbare bedrae verwittig sal word.

Indien daar bevind word dat die leë erf 'n brandgevaar inhou, sal 'n deposito vir die skoonmaak van die erf by die vooruitbetaalbare bedrae gevoeg word tensy die eiendom skoongemaak en daarna weer deur die brandweerafdeling geïnspekteer en veilig verklaar word.

Let ook daarop dat nadat die behoorlik voltooide aansoekvorms om 'n belastingklaringsertifikaat ontvang is, die munisipaliteit 10 werksdae gegun moet word om die bedrag betaalbaar deur te gee en 'n verdere 10 werksdae om die BKS te verskaf nadat bewys van betaling bevestig is.

Waar 'n debiteur reëlings ten opsigte van agterstallige betalings op die eiendom met die munisipaliteit getref het, sal die BKS nie uitgereik word alvorens die uitstaande bedrag ten volle vereffen is nie.

Belastingklaringsertifikate is geldig vir 60 dae en die bedrag wat betaal moet word, sal drie maande se vooruitbetaalbare vorderings insluit plus alle lopende skuld wat op die eiendom uitstaande is.

Waar eiendomme met water- en/of elektrisiteitsmeters toegerus is, word verkopers daaraan herinner om seker te maak dat afsluitingsvorms na behore voltooi word sodat hierdie meters na die nuwe eienaar (die koper) oorgedra kan word. Insgelyks moet kopers van eiendomme wat met water- en/of elektrisiteitsmeters toegerus is, onthou om aansluitingsvorms te voltooi. Hierdie vorms is op Overstrand se amptelike webwerf beskikbaar.

Enige navrae ten opsigte van die voorafgaande kan gerig word aan Overstrand se belasting- en databeheerkantoor by 028 313 8000 (faks 028 312 1894) of per e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

### EIENDOMSAGENTE WEES GEWAARSKU

Enigeen wat 'n eiendom as "te huur" of "te koop" adverteer, moet sorg dat hy/sy vertroud is met Overstrand se verordening insake die aanbring van buitemuurse reklameborde.

Sou daar bevind word dat reklameborde die voorgeskrewe perk oorskry, of dat aanwysers en/of baniere sigbaarheid by vername voetganger- of voertuigkruisings belemmer, sal strawwe boetes opgelê word.

Neem ook kennis dat Munisipaliteit Overstrand volgens wet daartoe gemagtig is om alle buitemuurse reklame en/of borde te verwyder wat 'n gevaar vir die publiek inhou.

Vir besonderhede oor die voorgeskrewe standaarde en reëls gaan na www.overstrand.gov.za/en/documents/bylaws en let veral op artikel 1.9, 5.3 en Bylae A van die ter sprake verordening.

# Gewigtige nuwe Karwyderskraal-ooreenkoms onderteken
## Overstrand se toegang tot stortingsterrein vir volgende agt jaar gewaarborg

Na afloop van suksesvolle onderhandelinge het Overbergdistriksmunisipaliteit (ODM), Munisipaliteit Overstrand en die Theewaterskloofmunisipaliteit nou ooreengekom op 'n diensvlakooreenkoms vir die Karwyderskraal-stortingsterrein.

Hierdie ooreenkoms, wat op Vrydag 6 Julie 2018 onderteken is, dek die beraamde bruikbare leeftyd van die Karwyderskraal-stortingsterrein in sy geheel en sal, sodra die nuwe sel by die terrein voltooi is, na verwagting vir minstens agt jaar geldig bly.

Ingevolge die ooreenkoms het ODM daartoe ingestem om 'n nuwe sel by die stortingsterrein te bou en om die terrein in sy geheel tot só 'n mate in stand te hou dat beide die Overstrand- en Theewaterskloofmunisipaliteit sowel as ander belanghebbende partye in die Overbergstreek in staat sal wees om hier met algemene afval weg te doen.

Na raming sal die nuwe sel (die vierde een van sy soort) nagenoeg 200 000 ton vaste afval kan akkommodeer.

Gegrond op hierdie berekenings, en gegewe die huidige groeikoers, sal dit ongeveer agt jaar neem om die sel op te vul voordat 'n nuwe een nodig sal wees. Karwyderskraal se leeftyd word op 55 jaar geraam.

Ten tyde van die ondertekening van die ooreenkoms het die munisipale bestuurder, Coenie Groenewald, daarop gewys dat die uitgerekte onderhandelings wat bykans 18 maande geduur het tot gevolg gehad het dat Munisipaliteit Overstrand, sowel as ander belanghebbendes, hulle daartoe verbind het om hul koolstofvoetspoor tot so 'n mate in te perk dat die lewensduur van die stortingsterrein in sy geheel verleng kan word.

*Overbergdistriksmunisipaliteit se munisipale bestuurder David Barretti (sittende) onderteken die diensvlakooreenkoms onderwyl (van links na regs) Munisipaliteit Overstrand se munisipale bestuurder Coenie Groenewald, direkteur: finansies Santie Reyneke-Naudé en direkteur: infrastruktuur en beplanning Stephen Müller sowel as Theewaterskloof se munisipale bestuurder Gerrit Matthyse (heel regs) toekyk.*

## INSTALLERING VAN ONDERGRONDSE KABELS IN MOLLERGREN PARK

Oorhoofse kragkabels wat Mollergren Park met die skakelstasie in Hermanus verbind, word tans deur ondergrondse kabels vervang.

As deel van die opgradering van hierdie area se elektriese infrastruktuur sal nuwe straatligte ook geïnstalleer word.

Munisipaliteit Overstrand vra om verskoning vir enige ontwrigtings en ongerief wat as gevolg van die lê van die kabels veroorsaak word en wil almal wat hierdeur geaffekteer word, gerusstel dat hierdie projek teen einde-September 2018 afgehandel sal wees.

# KOMAAN, SPAAR WATER! DIS DIE REGTE DING OM TE DOEN!

***Van diegene wat onlangs 'n poppekasvertoning met "water en vermorsing" as tema by Zwelihle Primêr bygewoon het, was (van links na regs) onderhoof Kholeka Sampo, Story Team se Anette Kahts, juffrou Fundiswa Mpobongo, Story Team se Marhette van Huyssteen, Overstrand se bestuurder: vaste afval Johan van Taak, Story Team se Celeste Loriston en Thozama Mangana Tukutezi, Overstrand se adjunkdirekteur: ingenieurswese en beplanning Hanré Blignaut en juffrou Nompucuko Monakali. Heel voor glimlag leerders Esethu Mdumela en Onele Qete al te breed.***

As 'n voortsetting van Munisipaliteit Overstrand se program om die beginsel dat "as jy vandag spaar, jy more sal hê" by jongelinge tuis te bring, het die ge-animeerde karakters van Story Team onlangs 'n besoek by Zwelihle Primêr afgelê.

Hierdie keer het die poppekasvertoning gefokus op waarom dit belangrik is om water te bespaar, te herwin en te verhoed dat oseane besoedel word.

Die voorneme met die poppekasvertoning wat in Afrikaans, Engels en isiXhosa oral by laerskole in Overstrand aangebied word, is om 'n gevoel van respek, empatie en verantwoordelikheid jeens ons planeet by kinders aan te wakker sowel as om aan hulle te demonstreer hoe ekostelsels onderling saamhang.

# Gestrem, gepensioneer of 'n boer?

## Jy kwalifiseer dalk vir 'n korting

Boere sowel as pensionarisse en gestremde persone het tot 30 September 2018 om hul aansoeke vir 'n korting op eiendomsbelasting en diensgelde by Overstrand se belasting- en databeheerkantoor in te dien.

In die geval van boere sal landbou-eiendomme teen die "PLAAS"-tarief belas word, mits die eienaar/boer bewys lewer dat die eiendom vir *bona fide* boerderydoeleindes gebruik word.

In die geval van pensionarisse of gestremde persone sal 'n korting oorweeg word as:

- Die eienaar/s Suid-Afrikaanse burger/s is
- Die aansoeker/s die geregistreerde eienaar/s is
- Die eienaar/s die eiendom as sy/haar/hul primêre woning bewoon
- Die eienaar/s minstens 60 jaar oud is en 'n ongeskiktheidspensioen van die staat ontvang
- Die bruto maandelikse huishoudelike inkomste nie meer as agt maal 'n staatsbefondsde maatskaplike pensioen per maand (R13 520) is nie
- Die eiendom nie uit meer as een residensiële eenheid bestaan nie
- Die aansoeker/s nie meer as een eiendom besit nie

**Aansoekvorms vir kortings is beskikbaar op Overstrand se amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za. Navrae in verband met die voorafgaande kan gerig word aan die belasting- en databeheerkantoor by 028 313 8000 (faks 028 312 1894) of per e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.**

# AFHANKLIK VAN DIE "HEUNINGSUIER"-DIENS?

## - Doen gerus vóór 30 September aansoek om 'n tariefaanpassing

VERBRUIKERS MET RIOOL-OPGAAR OF SEPTIESE TENKS WAT NIE MET 'N RIOLERING-NETWERK KAN VERBIND NIE, kan aan die begin van 'n boekjaar, of wanneer die eiendom van eienaar verander, aansoek doen om 'n tariefaanpassing.

Residensiële opsie 1:

Betaal 'n basiese tarief van R89,17 plus die infrastruktuurheffing van R10,94 per maand met dien verstande dat elke keer wanneer 'n suigtenk gedurende kantoorure (d.w.s. op weeksdae vóór 15:00) ontbied word, hierdie diens per verwydering teen R608,80 per 6 kℓ of gedeelte daarvan bereken sal word of, indien na ure, teen R1 217,60 per 6 kℓ of gedeelte daarvan.

Residensiële opsie 2:

Betaal 'n basiese tarief van R132,35 plus R14,90 per kℓ water verbruik per maand, gegrond op 'n maksimum van 35 kℓ per maand (70% van 50 kℓ), plus die infrastruktuurheffing van R10,94 per maand, wat jou daarop geregtig sal maak om 'n suigtenk gedurende kantoorure te ontbied teen geen ekstra koste nie. Soos per opsie 1 hierbo sal alle na-uurse diensversoeke teen R1 217,60 per 6 kℓ of gedeelte daarvan bereken word.

**Navrae in hierdie verband kan gerig word aan Overstrand se belasting- en data-beheerkantoor by 028 313 8000 of per e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.**

# WATERBEPERKINGS STEEDS VAN KRAG




**Ondanks die welkome reën oor die afgelope paar weke word inwoners in die Hermanus-area daaraan herinner dat die vlak 2-water-beperkings nie opgehef is nie.**

Derhalwe, as jy munisipale water gebruik om jou tuin nat te lei, mag jy dit slegs vir EEN UUR per dag, vóór 09:00 of ná 17:00, EEN DAG per week doen. Die dag per week word ooreenkomstig straatnommers bepaal. Vir inwoners met gelyke nommers is dit SLEGS Woensdae, en vir diegene met ongelyke erfnommers is dit SLEGS Donderdae. Die gebruik van besproeiingstelsels word steeds toegelaat maar, onthou, slegs vir een uur.

Let ook daarop dat voertuie en bote slegs met 'n emmer en 'n lap gewas mag word en dat die afspuit van harde oppervlakke of plaveisel verbode is.

Inwoners word ook daaraan herinner dat alle putte en boorgate by die kantoor van die areabestuurder geregistreer moet word, en verbruikers moet seker maak dat hulle 'n gepaste kennisgewing in hierdie verband aanbring wat duidelik vanaf 'n openbare deurgang sigbaar is.

Sedert 1 Junie 2018 geld die eerste vlak van waterbeperkingstariewe ook in Hermanus se administratiewe gebied. Die tarief vir huishoudelike watergebruik tot op 6 kℓ per maand het nie gestyg nie, maar die tariewe vir huishoudelike gebruik bó 6 kℓ per maand het met 30% gestyg. Die watertarief vir alle nie-huishoudelike gebruik het ook met 30% gestyg

*Onthou, elke druppel wat jy vandag spaar, is more twee keer soveel werd.*

# VERTROETEL 'N PIKKEWYNTJIE: SKENK 'N HANDDOEK

Die African Penguin and Seabird Sanctuary (APPS) het 'n dringende behoefte aan ou handdoeke om sowat 42 weesgelate brilpikkewynkuikens snoesig en warm te hou.

In hul poging om die kuikens in 'n veilige en relatief skoon krat te huisves tot tyd en wyl hulle vrygelaat kan word, moet die voëlpark die kuikens kort-kort van nuwe "beddegoed" voorsien - inderdaad 'n allemintige taak!

Alle skenkings word verwelkom en kan tussen 09:00 en 16:00 by die voëlpark se gebou (digby die aansluiting tussen die Kleinbaai/Franskraal-pad) of by enige Cape Whale Coast-toerismekantoor besorg word. So nie, tree in verbinding met Gillie Hine by 066 480 5054 of skakel die pikkewyn-noodnommer 072 598 7117. APPS sal met graagte skenkings afhaal.

# KALFIEFEES BELOOF HOPE VERMAAK

Die *Hermanus Times* Kalfiefees vind vanjaar vanaf Woensdag 8 Augustus tot Sondag 12 Augustus plaas en beloof om weer eens top Afrikaanse teaterproduksies na Hermanus te bring.

Die feesprogram bied 'n ietsie vir 'n ieder en 'n elk:

- Vir die ernstige teaterliefhebber is daar dramas uit die boonste rakke soos "Die reuk van appels" en "Soebatsfontein".
- Om die lagspiere te prikkel, is daar uitstekende komedies soos "Lag 'n slag" en "Operasie Holm", en op Saterdag 11 Augustus beloof almal se gunstelinggrapjas, Marc Lottering, om sy gehoor te laat skaterlag.
- Musiekliefhebbers kan uitsien na groot name soos Coenie de Villiers, Elvis Blue en Danièle Pascal, terwyl die optrede deur Stellenbosch se universiteitskoor beslis 'n hoogtepunt gaan wees.
- Daar is ook boekbesprekings en kinderteater om na uit te sien.

**Moenie hierdie uitsonderlike fees misloop nie. Besoek www.kalfiefees-hermanus.co.za vir meer inligting en maak seker dat jy jou kaartjies betyds via Computicket (0861 915 8000) bespreek.**

# LOCAL IS LEKKER!

**Megan-Geoffrey Prins**, die seun van Riversdal wat op die ouderdom van 11 sy debuut as konsertpianis in Hermanus gemaak het, gaan met trots op Sondag 19 Augustus weer deur OAK verwelkom word. Tans is hierdie jongman verbonde aan die Cleveland Institute of Music waar hy beoog om 'n PhD in musiek te behaal. Prins se uitvoering begin om 15:30 in die Burgersentrum se ouditorium. Boonop gaan OAK, ter erkentenis van almal wat tydens die Overberg Eisteddfod met lof bekroon is, op Woensdag 5 September 'n spesiale uitvoering aanbied. Hierdie konsert sal om 19:00 begin. *Kaartjies vir beide uitvoerings kan bekom word deur die toerismekantoor in Hermanus by 028 312 2629 te skakel. Navrae in hierdie verband kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.*